Goedgekeur deur die raad op 31 Mei 2007.

MATZIKAMA MUNISIPALITEIT

**BELEID : VERHURING VAN KARAVAAN-/KAMPEERSTAANPLEKKE EN CHALETS IN MATZIKAMA MUNISIPALE GEBIED**

1. Die beleid is van toepassing op die verhuring van die volgende fasiliteite van die raad:

| | | |
|---|---|---|
| Strandfontein Karavaanparke | :A-Blok | : 53 staanplekke |
| | T-Blok | : 20 staanplekke |
| | Perdeskoen | : 66 staanplekke |
| | Skulpiesweg | : 14 staanplekke |
| Vredendal Karavaanpark | | : 63 staanplekke |
| Strandfontein Chalets | :6-bed Chalets | : 8 chalets |
| | 4-bed Chalets | : 4 chalets |

2. **Verhuring/besprekings van Strandfontein Karavaanparke en Chalets (uitgesluit die staan plekke van die A-Blok en Perdeskoen Karavaanparke) vir die vakansietydperk vanaf 1 Desember tot 31 Januarie moet soos volg gedoen en hanteer word:**

- Voornemende huurders van karavaan-/kampeerstaanplekke of chalets moet die aangehegte aansoekvorm voor einde **Februarie** van die jaar waarin bogemelde vakansietydperk begin by die kantoor van die munisipale bestuurder indien of epos.
- Die aangewese amptenaar/kommittee van die raad doen tussen Maart en April toekenning van staanplekke en chalets aan voornemende huurders volgens criteria deur die raad bepaal van tyd tot tyd. Vorms moet volledig ingevul word en weninge wanvoorstelling van adres en tydperk sal aansoeke negatief affekteer

  (a) Langste tydperk van bespreking (moet in elk geval ten minste vir 'n tydperk van 1 week wees) verkry voorkeur.
  (b) Slegs een staanplek per aansoeker sal toegeken word.
  (c) Aansoekers plaaslik (woonagtig in Matzikama) verkry voorkeur( oorwegende faktoor by toekenning) tensy min of geen aansoeke ontvang was teen einde Februarie nie.

**BELANGRIK: PLAASLIKE INWONERS SAL VOORKEUR GENIET IN TERME VAN TOEKENNING ONDERWORPE DAARAAN DAT DIE AANSOEK SPER TYD VAN FEBRUARIE VOLDOEN WORD. AANSOEKE VIR DIE 2014/2015 FEES SEISOEN SAL PER ADVERTENSIE IN DIE PLAASLIKE MEDIA GEPLAAS WORD IN MEI 2014( VAN TOEPASSING OP HIERDIE JAAR ALLEENLIK)**

- Die besprekingsklerk voorsien gedurende Maart/April die aangehegte konsep toekenningsbrief aan suksesvolle huurders om die bespreking van hul karavaan-/kampeerstaanplekke en chalets te bevestig of die aangehegte konsep afkeuringsbrief aan alle onsuksesvolle aansoekers.

- Suksesvolle huurders moet dan die nodige sleutel-, hektoegang- en breekskade deposito's en die huurgeld vir hul betrokke besprekings (bereken volgens die tariewe van die begroting vir die boekjaar vanaf 1 Julie) voor (datum) ten volle betaal.

- Enige oop karavaan-/kampeerstaanplekke of chalets nadat toekennings in **Maart/April** gedoen is of weens aansoekers wat nie hul huurgelde teen die datum soos bepaal in die toekennings vorm betaal het nie of weens kansellasies sal op 'n eerste kom eerste gehelp basis, met toepaslike aansoekvorms en volgens bogemelde kriteria, aan verdere voornemende huurders beskikbaar gestel word.

- Enige blokbesprekings is onderworpe aan bogemelde prosedures en kriteria.

- Huurders aan wie karavaan-/kampeerstaanplekke of chalets toegeken is en wat nie hul deposito's en huurgelde teen datum betaal nie se besprekings sal gekanselleer word en 15% van hul depositogelde aan administrasiekoste verbeur.

- Huurders wat hul besprekings voor 30 September kanselleer sal 15% van hul deposito-, en enige huurgelde wat reeds betaal is aan administrasiekoste verbeur.

- Huurders wat hul besprekings na 30 September kanselleer Sal hul volle depositogelde en 15% van enige huurgelde wat reeds betaal is aan administrasiekoste verbeur.

- Huurders verbeur hul depositogelde in gevalle van breekskade of wanneer sleutels nie teruggehandig word nie.

- Geen onderverhuring van karavaan-/kampeerstaanplekke of chalets word toegelaat nie.

3. **<u>Verhuring/besprekings van alle Karavaan staanplekke en Chalets gedurende die res van die jaar (uitgesluit die vakansietydperk vanaf 1 Desember tot 31 Januarie moet soos volg gedoen en hanteer word:</u>**

- Voornemende huurders van karavaan-/kampeerstaanplekke of chalets kan dit telefonies of mondelings by die onderskeie besprekingskantore doen.

- Die besprekingsklerk/kassier doen besprekings op ‘n eerste kom eerste gehelp basis.

- Die besprekingsklerk voorsien aangehegte konsep toekenningsbrief aan suksesvolle huurders wat ook aandui dat 50% huurgeld en die deposito betaalbaar is om die bespreking van hul karavaan-/kampeerstaanplekke en chalets te bevestig.

- Betrokke besprekings is eers van krag nadat die 50% huurgeld en die deposito betaal is.

- Huurders betaal die res van die huurgelde teen ten minste 1 maand voor aankoms van hul verblyftydperk of soos gekomunikeer.

- Huurders wat nie vooraf besprekings doen nie en slegs by die

besprekingskantoor opdaag betaal hul deposito en huurgelde by aankoms van hul verblyftydperk indien daar persele/chalets beskikbaar is.

- Huurders wat vooraf besprekings doen en hul 50% huurgelde en deposito betaal het verbeur 15% aan administrasiekoste indien hul besprekings gekanselleer word.

- Huurders verbeur hul depositogelde in gevalle van breekskade of wanneer sleutels nie teruggehandig word nie en of nie voldoen aan die reels soos neergele nie .

- Geen onderverhuring van karavaan-/kampeerstaanplekke of chalets word toegelaat nie.

**MATZIIMA MUNISIPALITEIT**

**AANSOEKVORM VIR DIE HUUR VAN KARAVAAN-/KAMPEERSTAANPLEK OF CHALET TE STRANDFONTEIN GEDURENDE DIE VAKANSIETYDPERK 1 DESEMBER TOT 31 JANUARIE**

(Uitgesluit die staanplekke van die A-Blok en Perdeskoen)

**Rig voltooide vorm aan:** **Die Munisipale Bestuurder, Matzikama Munisipaliteit, Posbus 98, Vredendal, 8160 (Telefoonno 027-2151169; Faksno 027-2151235)**

Tydperk wat staanplek of chalet verlang word:

Vanaf ...........................................tot ........................................... Aantal nagte: ................

(Tydperk verlang moet n minimum van een week wees.)

A. WOONWAPERSELE:

| | STAANPLEKNOMMER IN T-BLOK | STAANPLEKNOMMER IN SKULPIESWEG |
|---|---|---|
| KEUSE 1 | | |
| KEUSE 2 | | |
| KEUSE 3 | | |

B. CHALETS (4-Bed of 6-Bed - toon aan agter u keuse):

KEUSE 1: ........................................................

KEUSE 2: ........................................................

C. DEPOSITO'S EN TARIEWE:

- Betaalbaar volgens die begrotingskedule van die Munisipaliteit soos van toepassing vanaf 1 Julie van die betrokke jaar.
- Sleutel-, hektoegang en breekskadedeposito’s en huurgeld moet voor **30 September** van daardie jaar ten volle betaal word in gevalle waar verblyf tussen 1 Desember en tot en met einde Januarie geskied.
- Indien deposito's en huurgelde nie voor bogemelde sperdatum betaal word nie sal die betrokke besprekings gekanselleer word.
- Huurders wat reeds enige deposito's en huurgelde betaal het en hul besprekings daarna kanselleer sal 15% van hul huur- en depositogelde aan administrasiekoste verbeur.

D. INDIENING VAN AANSOEKVORMS:

- Aansoeke moet voor 28 Februarie ingedien word en aansoekers Sal gedurende Maart/April in kennis gestel word of hul aansoeke suksesvol was.

**E. BESONDERHEDE VAN AANSOEKER:**

Naam en van :
.........................................................................................................................................

Woonadres :
..............................................................................................................................
..............................................................................................................................
..............................................................................................................................

Poskode :
..............................................................................................................................

Telefoonnr en kode :
...................................................................................................................(Huis)
...................................................................................................................(Werk)

Bankbesonderhede:
Bank :
..........................................................................................................................

Bankrekeningnommer :
..........................................................................................................................

Takkode :
.........................................................................................................................

Hoe gereeld benut u hierdie oord fasiliteite?
...............................................................................................

....................................... ................................
HANDTEKENING DATUM

**VIR KANTOORGEBRUIK**

Plek toegeken: Perdeskoen ................. Tydperk toegeken: ..................... / ....................
Nagte: .........

A-Blok ................. Tydperk toegeken: .................... / .....................
Nagte: .........

T-Blok ................. Tydperk toegeken: .................... / .....................
Nagte: .........

Chalet (4-Bed) ................. Tydperk toegeken: ..................... / ................... Nagte:

Chalet (6-Bed) ................. Tydperk toegeken: ....................../ ................... Nagte:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Bedrag verskuldig | : | R | .......................... |
| Deposito betaal (Kwitnr) | : | R | .......................... |
| Balans verskuldig | : | R | .......................... |
| Balans betaai (Kwitno) | : | R .......................... | |

MATZIKAMA MUNICIPALITY I UMASIPALA I MUNISIPALITEIT
Posbus/PO Box 98, Kerkstraat 37 Church Street, Vredendal, 8160 RSA
Tel: (027) 2013300; Fax: (027) 2133238
E-mail: Headoff@matzikamamun.co.za

**Verw/Ref: ............................** **............................**
**(DATUM)**

..............................................................................
..............................................................................
..............................................................................

Meneer / Dame

**AANSOEK OM HUUR VAN KARAVAAN-/KAMPEERSTAANPLEK OF CHALET TE STRANDFONTEIN GEDURENDE DIE VAKANSIETYDPERK 1 DESEMBER TOT 31 JANUARIE (UITGESLUIT DIE STAANPLEKKE VAN DIE T-BLOK- EN PERDESKOEN KARAVAANPARKE)**

U bespreking vanaf ........................................tot ................................ in

4-Bed Chalet No. : .............................................................

6-Bed Chalet No. : .............................................................

Karavaanstaanplek No. : ...................................................... Ligging : .......................................

word hiermee bevestig vir ............... dae teen R.............................. per nag vir 'n totale huurgeld bedrag van R.................................................. en deposito gelde van R....................................................

Bogemelde huur- en depositogelde, naamlik R.................................................is betaalbaar voor .................................**anders sal u bespreking kanselleer word**. Die bedrag kan ook in die raad se bankrekening inbetaal word, waarna die depositostrokie tesame met hierdie skrywe aan ons gefaks moet word, vir aandag van die Besprekingsklerk, by 027-2151235.

Ons bankbesonderhede is as volg: ABSA, Vredendal, Rek. No. 4050575029, Takkode 504-906.

Die sleutel-, hektoegang en breekskadedeposito's sal na bogemelde verblyftydperk direk deur ons hoofkantoor in u bankrekening betaal word nadat 'n inspeksie van die staanplek/chalet gehou is en enige koste vir skade of verlore items sal van die deposito's verhaal word.

Die uwe

**MUNISIPALE BESTUURDER**

MATZIKAMA MUNICIPALITY I UMASIPALA I MUNISIPALITEIT
Posbus/PO Box 98, Kerkstraat 37 Church Street, Vredendal, 8160 RSA
Tel: (027) 2013300; Fax: (027) 2133238
E-mail: Headoff@matzikamamun.co.za

**Verw/Ref: ......................   ..............**   **............................**
**(DATUM)**

....................................................   .........................
.............................................................................
.............................................................................

Meneer / Dame

**AANSOEK OM HUUR VAN KARAVAAN-/KAMPEERSTAANPLEK OF CHALET TE STRANDFONTEIN GEDURENDE DIE VAKANSIETYDPERK 1 DESEMBER TOT EINDE JANUARIE (UITGESLUIT DIE STAANPLEKKE VAN DIE T-BLOK- EN PERDESKOEN KARAVAANPARKE)**

U aansoek in bogemelde verband verwys.

Dit spyt ons om u mee te deel dat daar ongelukkig nie 'n staanplek/chalet aan u toegeken kon word nie.

Enige navrae in hierdie verband kan by telefoonnommer 027 2151169 gedoen word.

Die uwe

**MUNISIPALE BESTUURDER**

MATZIKAMA MUNICIPALITY I UMASIPALA I MUNISIPALITEIT
Posbus/PO Box 98, Kerkstraat 37 Church Street, Vredendal, 8160 RSA
Tel: (027) 2013300; Fax: (027) 2133238
E-mail: Headoff@matzikamamun.co.za

**Verw/Ref: .......................** **............................**
**(DATUM)**

.................................................... .........................
...........................................................................
...........................................................................

Meneer / Dame

**AANSOEK OM HUUR VAN KARAVAAN-/KAMPEERSTAANPLEK OF CHALET (UITGESLUIT DIE VAKANSIE TYDPERK 1 DESEMBER TOT 31 JANUARIE TEN OPSIGTE VAN STRANDFONTEIN)**

U bespreking vanaf ....................................................... tot .....................................................
in Karavaanstaanplek No. : ....................................................... Ligging : ..................................

4-Bed Chalet No. : ....................................................... te Strandfontein

6-Bed Chalet No. : ....................................................... te Strandfontein

word hiermee bevestig vir ...................... dae teen R..........................per nag vir ' n totale bedrag van R..............................................

Vyftig persent van u huurgeld, naamlik R.................... en 'n deposito van R...................... is onmiddelik betaalbaar en moet ontvang word deur hierdie kantoor **anders sal u bespreking kanselleer word**. Die bedrag kan ook in die raad se bankrekening inbetaal word, waarna die depositostrokie tesame met hierdie skrywe aan ons gefaks moet word, vir aandag van die betrokke Besprekingsklerk, by 027-2133238.

Ons bankbesonderhede is as volg: ABSA, Vredendal, Rek. No. 4050575029, Takkode 504-906.

Die ander vyftig persent van u huurgeld is betaalbaar soos op die vorm aangedui. Deposito's sal direk deur ons hoofkantoor in u bankrekening terugbetaal word nadat 'n inspeksie van die staanplek/chalet gehou is en enige koste vir skade of verlore items sal van die deposito verhaal word.

Die uwe

**MUNISIPALE BESTUURDER**